

8 Februarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 33:1-5 en 26-29

Fokusgedeelte: Deuteronomium 33:27

Die lewende God is ons woning en met sy genade ondersteun Hy ons in die stryd

Moses en die volk staan na 40 jaar in die woestyn by die drumpel van die beloofde land Kanaän. Na al die omswerwinge is daar uiteindelik die vooruitsig op 'n vaste woonplek. Op hierdie stadium vestig Moses egter die volk se aandag op die ewige seën. Hy help hulle om op God te fokus – die God wat vir die afgelope 40 jaar hulle woning was. Die God wat deur sy genadige beskerming die vyand verdryf het. Hierdie selfde God gaan hulle nou in die beloofde land seën. Hulle moet dit nie vergeet nie. Omdat Moses geweet het dat die gevaar bestaan dat 'n aardse woning vir hulle die een en al kan word, seën en vermaan hy die volk. Hy sê vir hulle: *Die ewige God is 'n woning*. Gelukkig is hy wat die ewige God sy woning maak. Wat sy toevlug tot God neem. Wat nie rus en vrede soek by genot, by inspannende werk, by owerhede, by allerlei magte nie. Want dit kan slegs tydelike rus en beskerming verleen.

Hoe vertroostend is die ondersteunende genade van God wat Moses in die volgende woorde teken: *Sy arms is altyd onder jou*. God is hoog verhewe, nogtans is sy arm nie te kort om sy uitverkore kind in te dra in sy ewige woning nie. Die arm van God spreek van sy almagtige krag wat Hy aanwend tot verlossing, tot beskerming, tot vertroosting van almal wat op Hom vertrou.

Baie vyande het in Kanaän op Israel gewag. Israel sou die land wat deur God aan hulle aangewys het, moes verower en verdedig. En op hierdie moeilike pad gee Moses vir hulle hierdie seënbede: *Hy verdryf die vyand voor jou uit, Hy beveel "roei uit"*. So is dit elke keer aan hulle bevestig dat dit nie hulle wapens was wat hulle vaste woning in Kanaän gegee het nie, maar dat dit die Here is wat die vyand voor hulle uit verdrywe het.

Die ewige God is nog dieselfde woning waar volmaakte rus, vrede en vertroosting gesmaak kan word. Die wêreld kan nie. 'n Politieke party kan nie, 'n goeie leier kan nie die ware vrede bied nie. God alleen gee vrede wat alle verstand te bowe gaan. Kyk op na Hom en ver wag jou hulp alleen van Hom.

Sing: Psalm 71:12, 14

Ds TC de Klerk (Okahandja)